Talentvolle Tshepo leer ander in 11 tale kook

Leilani Basson

Tshepo Mmamaila maak 'n blywende indruk met die eerste oogopslag. Met sy kraakwit oorjas, strepies-voorskoot, rustigheid en buitelandse aksent kan jy sien hoekom tannies van die noordelike voorstede van Johannesburg so mal oor hom is. Wanneer hy praat, klink hy geensins soos 'n seun van die Oos-Rand nie.

Mmamaila werk as 'n professionele sjef by Cooking 101, waar hy gesinne se huishulpe in die gerief van hul eie huise leer hoe om te kook, te onthaal en wenresepte op te dis wat selfs Carmen Niehaus se goedkeuring sal wegdra.

"Ek is mal oor my werk," sê Mmamaila (22) van Lombardy-Oos trots. Sy glimlag laat 'n mens voel of jy hom al jou lewe lank ken.

"Vandat ek 'n klein seuntjie was, kook ek al vir my familie. Vir hulle was dit baie *weird*, maar nou tel hulle die dae af vir my weeklikse kooksessie vir die familie."

Nie een dag is vir hom dieselfde nie. Hy doen meestal twee kooklesse per dag en geniet dit terdeë om elke keer in 'n ander huis en saam met ander mense te werk. "Die lekkerste is om te sien hoe die vroue blom as hulle leer om uithalergeregte en souse sommer in 'n japtrap te maak."

"Ek het so gesukkel om iemand soos Tshepo te kry," sê me. Sheli Berger, eienaar van Cooking 101 in Sandton. "Om iemand te kry wat 11 tale kan praat, kan bestuur en die regte *image* het, is nie kinderspeletjies nie. Maar dit is juis wat Tshepo so gewild maak: hy kan met enigiemand in hul eie taal praat en hulle leer, al kan sy student vir die dag nie eens lees of skryf nie."

Mmamaila is ook 'n professionele danser wat gereeld in groot konserte dans.

"Om by Kanye West se konsert te dans, was tot dusver my grootste *show*."

Tshepo Mmamaila (22) van Lombardy-Oos is 'n uithaler-sjef wat mense se huishulpe in die gerief van hul eie huise leer bak en kook. Hier leer hy vir Agnes, wat nie kan lees of skryf nie. Dit help baie dat hy 11 tale kan praat.

Foto: LEILANI BASSON